

2 Mei

**Skrifgedeelte: Psalm 113**  
**Fokusgedeelte: Psalm 113:1,2**  
**HK, Vraag 122**

**Prys God in sy heiligheid!**

Wanneer ons bid “Laat u Naam geheilig word” sê ons op ’n baie besondere manier vir die Here: “Help ons!” Help ons, Here, om u reg te ken. Help ons om lief te wees vir u Woord sodat ons U al duideliker uit u eie Woord sal leer ken. Help ons deur u Heilige Gees om u Woord reg te verstaan sodat ons nie op afdraaipaaie van verkeerde sienings en interpretasies sal beland nie. Help ons, Here, om soos die engele in die gesig wat Jesaja gehad het met opregtheid uit te roep (Jes 6:3): “Heilig, heilig, heilig is die Here, die Almagtige!”

Help ons om U as heilig te vereer – as God wat sonder sonde is, volmaak is, hoog verhewe is! Help ons om u te vereer as God, as uniek in u goddelike wese, so totaal anders as ons. Help ons om ons eie kleinheid in diepe nederigheid raak te sien, maar ook u grootheid te besef en u in opregtheid te loof en te prys vir al u wonderlike dade en werke.

Here, help ons egter ook vandag om so te praat en op te tree dat ons optrede nie vir ander ’n rede is om u Naam te spot en te ontheilig nie. Inteendeel, help ons tog vandag deur u Heilige Gees dat die woorde van ons Here Jesus ’n werklikheid in ons lewens sal wees: “Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.” Verder gee Psalm 113 vir ons die wonderlike nuus dat die God wat heilig is sy kinders wat nederig na Hom opkyk, help.

*Sing: Psalm 105:1, 2*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*

~~~~~